Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 10/03

Datum verhoor: 2004-12-02

Datum gelewer: 2004-12-02

In die appél van:

**DINGAAN MODISE** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant het in die Landdroshof tereggestaan op 'n aanklag van roof. Nadat hy skuldig bevind is, is die saak na die Streekhof verwys vir vonnis en is hy gevonnis tot 4 jaar gevangenisstraf waarvan 2 jaar gevangenisstraf voorwaardelik opgeskort is. Die appellant kom nou in hoër beroep teen sy skuldigbevinding en vonnis.

2. Aangesien Mnr. Cloete namens die appellant heeltemal tereg toegegee het dat daar geen meriete in die appél teen skuldigbevinding en vonnis is nie, is dit nie nodig om in groot besonderhede met hierdie appél verder te handel nie.

3. Die klaer het getuig dat hy op 25 September 2001 naby die begraafplaas in John Daka gestap het om paraffien te

koop saam ‘n ander jong seun, Adam Moetsi. Daar het 3 mans hulle genader, waarvan een die appellant was. Een van die rowers het ‘n mes tevoorskyn gebring en vir die klaer gevra vir geld. Die klaer, wat uiteraard verbaas was om die appellant wat hy goed ken daar hulle saam op skool was, te sien in die teenwoordigheid van dié mans het aan hom gevra wat hulle doen. Volgens hom het die appellant geantwoord dat hy net die geld moet gee. Die geld is daarna van hom afgeneem en op ‘n stadium het een van die rowers die mes aan die appellant oorhandig. Die klaer is van R110.00 beroof en daarna het die mans weggestap.

4. Die getuie Adam Moetsi, wat maar 14 jaar oud was, het in alle wesenlike opsigte hierdie weergawe van die klaer gestaaf. Daar is een belangrike verskil tussen hulle

getuienis, naamlik dat Adam nie gehoor het hoe die klaer met die appellant gepraat het en laasgenoemde daarop geantwoord het nie. Dit is egter, soos die landdros tereg bevind het in sy uitspraak, 'n aanduiding daarvan dat die twee getuies nie hulle getuienis gefabriseer en bespreek het vooraf nie.

5. Die appellant het ook getuig en sy weergawe was dat hy ook deur die betrokke mans beroof is toe hy per ongeluk op die toneel afgekom het waar die klaer beroof is. Die landdros het heeltemal tereg 'n verskeidenheid van onwaarskynlikhede in die appellant se weergawe uitgewys. Die belangrikste daarvan is sekerlik die feit dat op die appellant se weergawe die rowers hom weggeneem het daar en op 'n ander plek gaan beroof het van sy seilskoene.

6. Alles inaggenome het die landdros 'n weldeurdagte uitspraak gelewer en is die skuldigbevinding regtens heeltemal in orde.

7. Wat die vonnis aanbetref het die appellant een vorige tersaaklike veroordeling te wete huisbraak met die opset om te steel en diefstal waarvoor hy 6 maande gevangenisstraf opgelÍ is. Die appellant moes eintlik tereggestaan het op 'n aanklag van roof met verswarende omstandighede en kon hy dus 'n minimum vonnis van 15 jaar gevangenisstraf ingevolge die bepalings vervat in Wet 105 van 1997 opgelÍ gewees het. In die omstandighede meen ek dat die vonnis heeltemal in orde is. Die landdros het op geen wyse hoegenaamd misgetas nie en is die vonnis ook nie buitensporig swaar nie.

**8. Die appél word afgewys. Die appellant se skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**CC WILLIAMS**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | Adv PJ Cloete |
| NAMENS RESPONDENT | : | Adv CG Jansen |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-12-02 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2004-12-02 |

-----------------------------------------------------------

UITSPRAAK OP APPÉL : MODISE v STAAT

Saak nr. : CA & R 10/03

MAJIEDT R et WILLIAMS R